

**11 April**

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 26**

**Fokusgedeelte: Deut 26:16**

### **Hoe ek my teenoor God moet gedra**

Al die bepalings van die Here (5:1-26:15) is ten diepste daarop gerig dat Israel God met hulle hele hart moes dien en liefhê. Vers 17-19 stel dit in die vorm van 'n verbond. Dit is ooreenkoms waarin Israel verklaar dat die Here hulle God is en waarin God bevestig dat hulle sy volk sal wees. Dit vra gehoorsaamheid. Hulle moes in die weë van die Here wandel en na sy insettinge luister (OAV).

Die laaste bepaling gaan oor die gee van "bydraes" aan die Here. Vers 14:22 gaan oor die gee van die gewone tiendes; vs 26:1 ev gaan oor die gee van die eersteling om daarmee aan die Here die eer te gee omdat alles van Hom af kom en Hy daarom aanbid moet word (vs 10). Elke derde jaar moet daar nog 'n tiende gegee word wat bestem is vir die mense in nood (14:28,29; 26:13).

Israel moes ruimskoots van hulle besittings gee sodat God daardeur geëer kan word (Spr 3:9). Wie aan die Here gee, gee uit liefde vir Hom. Dan kom jy met 'n biddende en dankbare hart na Hom toe: "Ek bied U hart en hande in willige offerande..."

Dan is jou offergawes nie 'n gawe aan die kerkraad om hulle tevrede te stel nie, maar harte-diens: "Wat kan ek U bring uit dank vir U genade..." (Ps 116). Dan doen jy dit nie al sugtend as iets wat jy swaar doen nie. Nee, jy doen dit met blydschap. God het immers die blymoedige gewer lief (2 Kor 9:7).

*Sing: Psalm 40:4*

*Ds LD Aucamp (Cullinan)*